



## TOULEIER

### Ons soek Kambassadeurs!



Kom ons begin bietjie vroeg vroeg met die uitskud van die ou goed en kom ons maak bietjie huis skoon sodat Onsdorp se verteenwoordigers weer 'n bietjie vars bloed en lewe kan kry.

Ek was gelukkig genoeg om onlangs 'n radio-onderhoud te kon doen en daar is 'n sterk moontlikheid dat Kammanuus daardeur 'n lekker hupstoot van nuwe lesers gaan kry.

Een van die dinge waarvoor ek gespog het, is die feit dat ons ons eie Kambassadeurs het in bykans elke land waar daar Saners is.

Baie dankie aan almal van julle wat tot nou toe diens gedoen het en so gereeld nuwe aankomelinge in jul kontrei bygestaan het met veral raad oor hulle nuwe tuiste.

**Kom ons maak nou seker dat dit wel so is deur opnuut ons Kambassadeurs aan te stel. Dit staan jou vry om jou weer vir hierdie vrywillige diens aan te meld.**

Onthou, daar is geen verpligting of baie werk vir 'n Kambassadeur nie. Al wat jy moet doen, is om beskikbaar te wees om advies te gee oor wat nuwelinge in jou area of land kan verwag as hulle daar aanland.

Raad gee oor wat hulle moet verwag en wat hulle maar kan agter los en wat hulle beslis moet saamvat. Jou e-pos adres verskyn dan op Onsdorp se webwerf se lys van Kambassadeurs, en voornemende besoekers en immigrante kan dan aanklop en weet hulle is nie stoksielalleen in die vreemde nie.

Komaan, stuur vir my jou naam saam met die dorp of provinsie of land waar jy sal opstaan en sê: "Hallo, hier is ek. Ek is 'n Kammalander wat weet hoe dit voel hier in die nuwe land en kan jou 'n paar praktiese wenke gee."

Stuur sommer nou jou besonderhede aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) met die opskrif "Kambassadeur" en die land of plek wat jy ons wil verteenwoordig. Onthou, Duskantland en Sandkantland het net soveel verteenwoordigers nodig (provinsies en/of dorpe) as Anderkantland. Dis ewe belangrik dat ons hierdie kant ook hande vat.

Sedert ons laas gesels het, het daar 47 nuwe Kammalanders bygekom. Welkom aan julle almal, en vertel jul pelle van Kammanuus, Kammaland en Onsdorp!

**Hennie Greeff**  
**Gomorra, Duskantland**

### Pasop! Jy het dalk voëlgriep!

Die Sentrum vir Siektebeheer het 'n lys simptome vir voëlgriep uitgereik. As jy enige van hierdie simptome het, moet jy jou dadelik vir mediese hulp aanmeld:

1. Hoë koors.
2. Stremming.
3. Naarheid.
4. Moegheid.
5. Spierpyne.
6. Die onweerstaanbare lus om op iemand se windskerm te tjorts.

Daar is 'n teorie of twee hoe om 'n argument met 'n vrou te wen. Maar nie een van hulle werk nie.



## ROELFIE SLAAT RAAK

### □ Die dun lyn – na anargie?

SOMS sê mense iets wat baie onthullend kan wees vir die man wat fyn luister. Soos die Drywer van Transformasie in Rugby, ene Cedric Frolick, wat glad nie omgee dat die enigste swart spelers in die Springbokspan oud-Zimbabwiërs is nie (wat opsigself nogal baie sê).

Seg hy: "Vir ons is die Zimbabwiese boorlinge nie 'n kwessie nie . . . die grenslyn tussen ons en Zimbabwe is net 'n lyn op papier."

► **En dis wat Roelfie bang maak . . .**

### □ Stortkop se ring

ROELFIE sien toe mos verlede week 'n interessante ding raak: Jakob Stortkop dra 'n trouwing aan een van sy vingers. Net een.

Betekén dit dat hy nie genoeg vingers het om 'n ring vir elkeen van sy vroue te dra nie? Of dra hy elke dag 'n ander vrou se ring?

Een ding is seker: daai ring beteken nie dat hy nie beskikbaar is om nog 'n vrou te vat nie.

► **Wonder net waar gaan almal bly as Stortkop die dag in Tuynhuis intrek . . .**

### □ Dr. Mamphela slaat raak

KYK, daar is twee swart vrouens vir wie ons moet hoed afhaal: Rhoda Kadalie en Mamphela Ramphele. Nie een van hulle soek gewildheid in eie geledere as hulle hul ANC-sambokke uithaal nie – soos dit in 'n ware demokrasie hoort.

Mamphela was die afgelope week weer in al wat koerant was. Sy het raak gevat en hart geslaan. Soos toe sy Mango Sjokolade-Piesang bygekom het: "Sy't openbare gesondheidsorg met ondeurdagte beleid tot op die grond afgebreek. Nou's sy sowaar besig met wetgewing wat ook private gesondheidsorg gaan vernietig."

Dr. Knoffel het hopelik haar laaste begrotingstoespraak gelewer, en die DA se Sandy Kalyan het haar met dié woorde gegroet:

"Jy was 'n skouspelagtige mislukking as minister, en ek doen nederig 'n beroep op die inkomende leierskorps dat jy nooit weer met die gesondheid van Suid-Afrika toevertrou word nie."

► **Selfs Roelfie kan dit nie duideliker stel nie.**

### □ Altyd iemand anders . . .

TOG lekker wanneer iemand anders - wat nie 'n rassis kan wees nie - 'n mens se gedagtes vir jou opsom. Soos die hoofartikel in *The Monitor*, 'n koerant in Kam-pala, wat hom uitlaat oor die jongste xenofobie in Duskantland:

"Dit wys hul swakheid as mense – nooit bereid om die verantwoordelikheid vir hul probleme te aanvaar nie. Eers het hulle apartheid geblameer, nou blameer hulle die buitelandse vlugteling. Kort voor lank sal dit die weer, die natuurlewe, globalisasie en dalk nog die Allerhoogste wees."

► **So 'n bek moet jêm kry.**

### □ Groot makietie in Duskantland!

HEI Boetas en Boettin - veral julle spul wat die hasepad gekies het Anderkantland toe - julle moet begin spaar vir die Groot Makietie in Duskantland!

Hier gebeur 'n vreeslike groot ding in 2010: Duskantland vier dan Uniewording en die sluiting van die Vrede van Vereeniging se honderdste herdenking.

Alles is reeds in rep en roer: Stadions word vir die feesvieringe gebou, die trein en padstelsel word opgeknop en daar is selfs sprake van misdaadbekamping!

En as julle dalk bietjie langer kan bly - of as julle reeds planne het vir 2010 - in 2011 vier die hele land (en al sy miljoene vreemdelinge somer ook) 50 jaar van Republiekwording.

► **Miskien moet julle net onthou om 'n paar kerse saam te bring, hoor?**

# Allegaartjie



## Die waarde van **D R A N K**

### Bekendes aan die woord

"Soms dink ek aan al die wyn wat ek drink, en dan voel ek skaam. Dan kyk ek in die glas en ek dink aan die werkers in die wingerde en al hul hoop en drome. As ek nie hierdie wyn drink nie, word hulle dalk werkloos, en dan verdwyn alle hoop. Dan sê ek vir myself: Dis beter om hierdie wyn te drink en hulle te help om hul drome te verwesenlik, eerder as om aan my lewer te dink."

- JACK HANDY

**Waarskuwing:** Die verbruik van alkohol kan jou dalk laat wonder wat van jou bra en jou broekie geword het.

"Ek voel jammer vir mense wat nie drink nie. As hulle soggens wakker word, voel hulle so goed as wat hulle heeldag gaan voel."

- FRANK SINATRA

**Waarskuwing:** Die verbruik van alkohol kan jou dalk laat dink jy is sterker, slimmer, vinniger en aantrekliker as die meeste mense.

"Toe ek gelees het oor die slegte gevolge van drank, het ek opgehou om te lees."

- HENRY YOUNGMAN

**Waarskuwing:** Die verbruik van alkohol kan jou laat dink dat die mense SAAM met jou lag.

"Daar is 24 uur in 'n dag, 24 biere in 'n kis. Toevallig? Ek dink nie so nie."

- STEPHEN WRIGHT

**Waarskuwing:** Die verbruik van alkohol kan jou laat glo dat jy kan sing.

"As ons drink, word ons dronk. As ons dronk is, raak ons aan die slaap. As ons slaap, kan ons nie sondig nie. As ons nie sondig nie, gaan ons hemel toe. Dus, kom ons raak dronk en gaan hemel toe!"

BRIAN O'ROURKE

**Waarskuwing:** Die verbruik van alkohol is 'n groot rede hoekom jy soos 'n gestremde dans.

"Bier is die bewys dat God ons lief het en ons gelukkig wil sien."

- BENJAMIN FRANKLIN

**Waarskuwing:** Die verbruik van alkohol kan jou laat glo dat jy logies met lede van die teenoorgestelde geslag kan gesels sonder om te spoeg.

"Bier is ongetwyfeld die beste ontdekking van die mensdom. Goed, ek stem saam dat die wiel ook 'n goeie ontdekking was, maar die wiel gaan nie naast-enby so goed saam met pizza soos bier nie."

- DAVE BARRY

**Waarskuwing:** Die verbruik van alkohol kan veroorsaak dat jy jou vriende oor en oor verseker dat jy hulle lief het.

### **SLIM EN SKERP**

"Die mens is op aarde geplaas om 'n sekere hoeveelheid werk te doen. Op die oomblik is ek so ver agter ek sal nooit doodgaan nie."

"Ons kan nie almal helde wees nie, iemand moet langs die pad staan en hande klap."

"Sy't 'n lang gesig soos 'n bok wat afdraand vreet."

"Hy dink die son skyn by sy agterent uit - maar dis eintlik net die Duiwel met 'n flitslig."



# Dié week se giggels



## GOEIE REDE

Fanus vertel hoe hy een maal in 'n oorsese land 'n man raakgeloop het wat op 'n donkie ry. Voor hom het sy vrou geloop, en sy was hoog swanger.

"Toe ek hom vra hoekom hy nie sy vrou laat ry nie, het hy geantwoord dis omdat sy nie 'n donkie het nie."

## NET EEN

Dit is die Engelse juffrou se eerste oggend in die klas op Porterville en sy sê, "Good morning class."

Net een outjie spring op en sê "Good morning miss."

Juffrou vra hom hoekom dan net hy geantwoord het.

Sê hy "Because I is the only one whose name are Klaas miss."

## KORREK!

Die baas roep Koos in. "Jy's afgedank!" sê hy.

"Maar ek het niks gedoen nie," protesteer Koos.

"Presies!" bulder die baas.

## OUMA KOM KUIER

Die vrou se ma kom vir 'n paar weke vir haar kuier. Toe ouma aanklop, sê haar driejarige seuntjie:

"Ek is so bly ouma is hier, want nou gaan pappa ons sy trieks wys!"

Ouma: "Wat bedoel jy met trieks?"

Seuntjie: "Pappa het gesê as ouma wêér kom kuier, gaan hy teen die mure uit klim en in sy broek sk—t!"

## VROUENS

Een van die raaisels van die lewe is hoe 'n 2 kg boks sjokolade 'n vrou 10 kg kan laat aansit.

Die beste manier vir 'n vrou om haar sorg te vergeet, is om skoene te dra wat haar druk.

## KLAAGMUUR

'n CNN-joernalis het gehoor van 'n bejaarde Jood wat elke dag twee keer by die Klaagmuur gaan bid.

Sy het gaan ondersoek instel, gesien hoe hy na die muur toe stap en 45 minute lank bid, en besluit om 'n onderhoud te voer.

"Verskoon my, meneer, ek is Rebecca Smith van CNN. Hoe lank al kom jy elke dag hier bid?"

"Die afgelope 60 jaar."

"Sestig jaar! En waarvoor bid jy?"

"Ek bid vir vrede tussen die Moslems, die Jode en die Christene. Dat hulle moet ophou haat, sodat ons kinders veilig kan grootword en mekaar as verantwoordelike volwassenes aanvaar en verdra."

"En hoe voel jy nadat jy dit al sestig jaar lank doen?"

Sy antwoord was kort en kragtig: "Soos iemand wat met 'n donnerse muur praat!"

## BC deur Johnny Hart





## MENSE en hul dinge

### □ Die man wat nie bestaan nie

'N JAPANESE brandweerman wat die afgelope 20 jaar honderde brandweerwaens en ambulanse bestuur het, is afgedank nadat dit aan die lig gekom het dat hy nie 'n rybewys het nie.

Die man se familie was hiervan bewus, en het hom daagliks na en van die brandweerstasie vervoer, waar hy agter die stuur van brandweerwaens en ambulanse geklim het.

Toe hy betrap is dat hy sy pa se rybewys gebruik, is die salaris van die stad se brandweerhoof, sy assistent en ander senior amptenare as straf vir een maand met 10% gesny.

### □ 'Dooie' man kom by

'N FRANSMAN wie se hart ná 'n hartaanval vir bykans een en 'n half uur lank ophou klop het, het skielik bygekom toe dokters gereed was om sy organe vir oorplanting te verwyder.

Dit is vermoedelik omdat medici volgehou het met resussitasie om sy organe vir skenking te bewaar.

Die voorval het nou tot 'n reuse-debat in Frankryk gelei oor hoe daar bepaal kan word of iemand werklik dood is.

### □ Vreemde oortreding laat gat brand

IN Singapoer is 'n man met 'n voorliefde om aan vrouens se armholtes te ruik, tot 14 jaar in die tronk en 18 hou met 'n rottang gevonnissen op aanklagte van molestering.

Die 35-jarige man het aangevoer dat hy verstandelik onstabiel is. Hy het vroeëre oortredings van dwelm- en seksverwante oortredings op sy kerfstok.

Hy het 23 vrouens oor 'n tydperk van 15 maande gemolesteer deur hul armholtes te ruik en hulle in hysers, trappe en in hul wonings te betas.

### □ Kiwi kroeks

MOTORISTE in Auckland, Nieu-Seeland, het hulle tot opblaaspoppe gewend sodat hulle vinniger by hul bestemmings kan kom.

Opblaaspoppe, winkelpoppe en honde wat soos kinders aangetrek is word in die motor gestop sodat die bestuurder bane kan gebruik waarin voertuie minstens drie passasiers moet hê.

Oortreders word met NZ\$150 beboet.



### Kammanuus se HELPHOEKIE

Stuur versoeke, raad en inligting wat ander Kammanuulanders kan help aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

### KANADA SOEK SA DOKTER

Ons is op soek na 'n dokter (hetsy vanaf SA of huidig in Kanada in 'n ander dorp) in ons dorp. Die dorpie se naam is Stettler, in die vooruitstrewende Alberta (oos van die Kanadese Rockies).

Hierdie is 'n informele navraag - dus, indien iemand belangstel kan ons hulle help om die wiel aan die rol te sit.

Ons soek verkieslik iemand met 'n gesin, en 'n familiedokter met verkieslik 'n narkosediagnose. In ons praktyk (wat op assosiasietermes werk) is ons huidig 2 SA dokters. Ons dorp is naby groter sentra soos Red Deer, Edmonton en Calgary. Die dorpie bied die rustigheid van die platteland, met die geriewe wat jy in groter stede in SA sou verwag.

Kontak Liezil by: [vogelp@telus.net](mailto:vogelp@telus.net)



## MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

### Tentpenne pootjie 'n loopmaag

Deur Skutter Lombaard

Na my kamp gaan ek weer aan met die werk. Eendag, so rustig by die huis, kom daar 'n amptelike brief by my aan. Net so voor Kersfees. Ek is opgeroep vir 'n drie maande kamp.

Daar was in daardie stadium ook baie gerugte oor ons soldate wat in Angola was. Dit het nou juis nie 'n genie geneem om uit te werk waarheen ons op pad is nie.

Net ná nuwejaar kom ons by die regiment bymekaar.

Die weermag het gedink hulle trakteeer ons deur vir ons 'n eersteklas trein te bestel. Ons word ses per kompartement ingedeel. Toe ons in die kompartemente ingaan, sien ons daar is slegs vier slaapbanke in plaas van ses.

So is ons toe soos sardientjies Bloemfontein toe. Daar het ons 'n paar dae oorgelê. Ons is toegegooi onder die breinspoeling en ons is medies ondersoek.

Weg van Bloem af, weer met 'n trein, na die wilde vreemde van die GRENS.

Die aand baie laat word ek wakker en hoor net hoe baklei iemand. Die een ou het in die nag opgestaan en na die wasbak se kant gedraai pleks om na die deur se kant te draai en dan met die gang af toilet toe te loop.

Bo die wasbak het daar 'n lekker groot spieël gehang. So deur die slaap sien die man iemand voor hom staan. As hy links beweeg, beweeg die man ook links. As hy regs beweeg, beweeg die man ook regs. Die man wil hom net nie laat verbygaan nie.

Hy vloek die ou en toe hy die man wil gryp, wys ons hom op sy fout. Daar was baie lank gespot met die ou wat so met homself staan en baklei het.

Ons is iewers in 'n veld afgelaai. Ver van alles en almal af. Die tente is teenmekaar en daar is nie juis plek om te beweeg nie. Maar ons trek daar in.

Dit was net tentpenne en ankerdrade waar jy kyk. In die dag was dit al klaar moeilik om deur die tente te loop van en na die plekke waar ons moes wees. Baie van ons het so geval en geloop om te kom waar ons was.

Om dinge erger te maak, kry mens mos maklik in die eerste paar dae baie *jippo guts* (loopmaag). Die een aand, baie laat, slaap ons en ewe skielik word ons wakker van 'n gerumoer.

Iemand, en tot vandag weet ek nie wie dit was nie, se maag wou gaan, en die man probeer tussen al die penne en drade hardloop om by die toilette te kom. Ongelukkig vir hom het sy voet aan 'n tentpen vasgehaak.

Die arme man slaan al swetsende neer soos 'n dooie os. Toe hy die grond slaan, kom dit hard en duidelik: "Aag hel, daar sk – t ek nou in my broek".

Toe hy val, kon hy nie meer knyp nie. Ons het net gehoor hy staan en was sy klere so in die laatnag. Ons het ure daarna nog gelag daarvoor. Meestal uit verligting omdat die storie ons nie getref het nie.

## MURPHY SE GEVEGSREËLS

- [1] Die vyand val altyd in twee gevalle aan: (a) Wanneer jy gereed is vir hulle en (b) Wanneer jy nie gereed is nie.
- [2] As jou aanval goed verloop, het jy in 'n hinderlaag beland.
- [3] Moet nooit vuur trek nie - dit irriteer almal rondom jou.
- [4] Spanwerk is noodsaaklik - dit gee hulle iets ander om op te skiet.
- [5] Probeer belangrik lyk - hulle het dalk nie baie ammunisie nie.





## BAIE BLOND

Die blondine het 'n baie sterk vermoede gehad dat haar kêrel haar met 'n ander meisie verkul, en gaan koop toe vir haar 'n pistool.

Gewapen gaan lê sy 'n onverwagte besoek by sy woonstel af, en betrap hom met 'n rooikop in sy arms. Sy maak haar handsak oop, haal die pistool uit, word deur hartseer verswelg en hou die pistool teen haar kop.

Die kêrel skree: "Nee, Liefie, moenie dit doen nie!"

Die blondine antwoord: "Sjarrap, jou tweegesig, jy is volgende!"

## Moeilike een



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Een van die suksesvolste afdelings op *Onsdorp* se webwerf is die Stamboom-afdeling. Daar gaan plaas mense die familienaam wat hulle wil navors. Ander met dieselfde van maak dan kontak met hulle, en so vorder die navorsing aan beide kante. *Onsdorp* verskaf net die forum, die werk word deur die mense self gedoen.

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

**Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:**

#### Niemand

[bezuihm@unisa.ac.za](mailto:bezuihm@unisa.ac.za)

My oupa, Jacob John Niemand, was woonagtig in Kuruman, gebore om en by 1851. Was getroud met Hester Magdalena Scheepers. Hulle 8 kinders was as volg: Embransia (Emmie), Anna, Johannes, Hester, Jacob (Japie), Kerneels, Christina, Ben. Oupa het náouma se dood weer getrou met 'n sekere Maria en hulle het 5 kinders gehad. Ek is van ouma Hester se afkoms. Kan iemand asseblief help?

#### Van der Merwe

[elbe@iit.com.na](mailto:elbe@iit.com.na)

Oupa Petrus van der Merwe. Ouma Jacomina Elizabeth Koekemoer.

#### Vorster/Enslin

[lienollie@yahoo.com](mailto:lienollie@yahoo.com)

My pa was 'n vorster en my ma 'n Enslin. Al wat ek weet is albei se ouers het in Pietersburg (Polokwane) gebly rondom die jaar 1947, want ek het 'n foto van my ma se aanneming in 'n boks gekry toe sy in 1977 oorlede is.

#### Kellerman/Posthumus

[alta@intellicare.co.za](mailto:alta@intellicare.co.za)

Meer inligting oor die Kellermans en Posthumusse asseblief.

#### De Vry

[tooi6@netscape.net](mailto:tooi6@netscape.net)

Ek het geen flou idee waar ons familie vandaan kom nie! Nederland of België? Weet iemand dalk?

(Dalk dieselfde familie as De Vrey, of selfs De Vries? Google gerus De Vry - daar is niks oor die familie nie, wel heelwat in bv. die lyn van akademiese instellings. - Hennie.)

# AGTEROS

## Kotie se skokstok

Deur ANONIEM

Beste Koos

Koos, ou maat, het ek op groot skaal aangejaag dié keer! Ek besluit toe mos om vir Kotie op ons huwelikshedenking 'n skokstok te koop om haarself mee te verdedig. Ek kom een Saterdag af op 'n model wat glo 100000 volt uitstuur, maar met geen langtermyn effek op die persoon wie jy skok nie. Hy werk met twee trippel A batterye wat hulle sommer in die boksie saamgee. Dit sal mos vir vroulied wat niks van 'n rewolwer te doen hê nie, darem 'n kans gee om weg te kom indien sy aangeval word. Blink idee, nè?

Lang storie kort, ek kom by die huis en laai die twee batterytjies. Druk die knoppie . . . niks. Hel, was ek nou teleurgesteld! Haal toe maar die aanwysings uit en daar staan toe dat mens dit kan toets deur dit teen 'n metaal oppervlakte te druk en as jy DAN die knoppie druk, sal daar 'n blou vonkie tussen die twee vurke van die proter dans. So sal 'n mens dan weet of hy werk of nie. Ek maak toe so. INDRUKWEKKEND! (Ek sal nog aan Kotie moet verduidelik waar daai twee swart merke op die yskas vandaan kom)

In elk geval, ek en die kat is alleen by die huis en ek sit in my lazyboy die ding en ondersoek terwyl Toodles rustig toekyk. Ek besluit toe om die ding op myself of die kat te toets. Watter skade kan twee ou trippel A batterytjies nou juis aanrig? Foei, ek het Toodles darem net vlugtig oorweeg. Ek kon my indink hoe sy sou spring as ek haar met die ding sou bykom! Tog, as ek wou seker wees Kotie is veilig met die ding, sou ek hom op 'n lewende wese moes toets. Of is ek verkeerd?

So sit ek daar in my PT broekie en T-hempie, my leesbril delikaat op die brug van my neus gebalanseer en met die proter in die een hand en die aanwysings in die ander. Dit staan daar dat 'n een sekonde lange skok net genoeg sal wees om die aanvaller effe deurmekaar te maak. 'n Twee sekonde sarsie sal spierspasma en verlies van beheer oor die liggaam veroorsaak. 'n Drie sekonde een sal mens glo soos 'n vis op droë grond laat rondflap. Enigiets langer is glo net 'n mors van die batterye.

Daar sit ek toe met Toodles wat my so aankyk asof sy wil sê: "Moenie dit doen nie." Watwo, reken ek, 'n een sekondetjie se skok kan mos nie so erg wees nie. Met dié sit ek woord by daad en druk ek die ding teen my binneboud vas en druk die knoppie.

**MOEDER MARIA! WAPENS VAN MASSAVERNIEGING! @!@\$%!@\*!!!**

Ek is redelik seker Jan Wilkens of Os Du Randt (of albei) het ingestorm en my uit die lazyboy gepluk en teen die vloer neer gemoer. Oor en oor en oor! Ek onthou vaagweg ek het wakker geword, inmekaar gekrul op die vloer soos 'n ongebore baba. Al twee my tepels was aan die brand. My lyf was papnat gesweet en my klokke was skoonveld. My linkerarm was onder my lyf vasgepen en my bene het soos riete gebewe.

Wees verseker, as 'n mens mal genoeg is om jouself te wil skok: daar is nie 'n ding soos 'n een sekonde skok nie. Jy sal daardie proter nie laat los alvorens hy uit jou hand geruk word deur jou lyf wat heen en weer op die grond rond ruk en rol nie.

Ná so 'n minuut of wat (tyd was baie relatief op daardie tydstop) het ek stadig orent gekom en die skade rondom my betrag. My gebuigde leesbril het op die TV gelê (hoe het dit daar gekom??) My trisepe, regterdy en my tepels het steeds onbeheersd gespring. My gesig was verdoof soos by die tandarts en my onderste lip het gevoel of hy 30 kg weeg. Toodles, die kat, en my eiers is steeds weg.

Jou vriend Roelf,  
(wat nog aan skok ly)

**KAMMANUUS verskyn weer op 30 JUNIE**